HOëRSKOOL STRAND

# GREPE UIT `N GOEIE GESKIEDENIS

## DIE DERDE SKOOLHOOF
## MENEER GERRIT VISSER JULIE 1983 – DESEMBER 1990

Ek het mnr. Gerrit Visser in 1962 ontmoet toe ons albei SOD-studente aan die US was. Met ons volgende ontmoeting, was hy my nuwe skoolhoof nadat hy dié pos op Wolseley beklee het.

Mnr. Visser het op 'n plaas in Prieska se wêreld grootgeword, 'n landstreek wat ongenaakbaar kan wees en besondere eise aan 'n boeregesin stel. Ek glo dat hierdie agtergrond, wat hy met sy broers en susters gedeel het, die boustene voorsien het vir goeie spanwerk in latere jare, wat so onontbeerlik is vir 'n suksesvolle skoolhoof. Sy eggenote, Connie en sy drie kinders, Lizette, Barry en Liesel het maklik in die Strand-gemeenskap en in ons skool aangepas.

Pas na hul aankoms in die Strand is die egpaar in die tennisgemeenskap opgeneem en kon hulle hulle inleef in 'n sportsoort wat hulle na aan die hart lê.

'n Eienskap wat jou onmiddellik tref, is dat hy 'n mens-mens is, iemand wat gemaklik meng en kommunikeer met enigiemand,ongeag die gespreksgenoot se sosiale stand of agtergrond. Die totale afwesigheid van 'n skans van belangrikheid waaragter so baie leiersfigure skuil, is opvallend. Mnr. Visser se kommunikasie met leerders is gerugsteun deur 'n ongelooflike agtergrondkennis van feitlik elke leerder. Om hul name te ken en te onthou, bewus te wees van hul prestasie en om iets van hul ouers te weet, was uniek aan mnr. Gerrit Visser. Die vermoë om aansluiting te vind by die “underdog” met gedragsprobleme se leefwêreld, denkwyse en belangstellings, was indrukwekkend. Om iets positiefs uit te lig wat 'n moeilikheidmaker reggekry het, soos byvoorbeeld 'n goeie breekslag in 'n rugbywedstryd, het dikwels die weg gebaan na 'n goeie verstandhouding met 'n probleemgeval.

Ek sal mnr. Visser altyd onthou as iemand wat 'n goeie grappie kan vertel en waardeer. Sy vermoë om mense met besondere gewoontetjies of sêgoed na te boots, of staaltjies op te diep oor karakters uit die verlede, is eie aan hom. Hierdie gawe gaan hand aan hand met 'n lewendige belangstelling in toneel-spel, wat hy as 'n belangrike middel beskou om goeie onderlinge vehoudings en spangees in 'n personeel te bevorder. So het dit dan gekom, kort na sy aankoms by die Hoërskool Strand, dat iemand wat hom by sy vorige skool geken het, voorspel het dat ons binnekort van “Sneeuwitjie” gaan hoor. 'n Paar dae later gebeur dit toe. Op 'n personeelvergadering stel mnr. Visser voor dat ons as personeel 'n toneelstuk op die planke moes bring, iets wat lekker en maklik by 'n gehoor aanklank sal vind. Die stuk wat hy in gedagte gehad het, was “Sneeuwitjie en die Sewe Dwergies ...” Hierdie opvoering, gerugsteun deur die rolverdeling van “onwaarskynlike” karakters, is baie goed deur die gehoor ontvang.

Deur die jare het ons mnr. Gerrit Visser leer ken as iemand met 'n oop kantoordeur, iemand wat altyd geluister het na 'n probleem van 'n personeellid, ook van 'n persoonlike aard. Sy raad en wenke het getuig van goeie oordeel, insig en empatie. In sy verhouding met die personeel, het dit natuurlik soms gebeur dat 'n onderwyser drooggemaak het of skeefgetrap het, maar na 'n gesprek of teregwysing was die saak afgehandel. Hy het nooit iets teen iemand gehou of 'n blywende wrok gekoester nie.

Mnr. Visser is geseën met `n skerp intellek. Hy het sy B.Ed met lof geslaag en daarmee die SAOU se goue medalje vir die beste B.Ed-student ontvang. Ook sy M.Ed-graad het hy Cum Laude verwerf. Hy het geglo aan betrokkenheid en het insette oor 'n baie wye terrein gelewer, nie net in die Strand-gemeenskap nie, maar ook t.o.v. skolesport (voorsitter van die Boland Skoletennisvereniging) en onderwys- en taalaangeleenthede in die algemeen. Om slegs enkele bydraes te noem: Hy was hoofeksaminator in Afrikaans Letterkunde vir ongeveer 10 jaar vir Afrikaans Eerste Taal, voorsitter van die SA-Taalbond vir 8 jaar (na sy aftrede ook voorsitter en hoof-moderator, SA-Taalbond) en Kaaplandse ver-teenwoordiger in die kurrikulum-beplanning vir Afrikaans Tweede Taal in Pretoria. Hierdie betrok-kenheid gee gestalte aan 'n ingesteldheid wat hy dikwels aan sy personeel oorgedra het: Moenie wag vir geleenthede om jou pad te kruis nie, geleenthede moet deur jouself geskep word.

Gedurende mnr. Visser se temyn as hoof het geweldig baie gebeur wat van die Hoërskool Strand 'n topskool in die Wes-Kaap gemaak het. Hoewel hy nie krediet vir die talle projekte en verbeteringe wil aanvaar nie, was sy dryfkrag, inspirasie en visie onontbeerlik vir dit wat bereik is. In sy termyn is 'n rekenaarsentrum, asook

twee nuwe laboratoriums ingerig en in gebruik geneem. Verdere toevoegings, prestasies en aktiwiteite sluit in die stigting van `n Landsdiensklub, die opleiding van leerling-motorbestuurders nadat Volkswagen 'n City Golf-motor beskikbaar gestel het, die Wieleskou wat vir jare 'n hoogtepunt op die skoolkalender was (met mnr. Danie Pienaar as die groot dryfkrag), kaskarwedrenne en die eer toe ons skoolkoerant in 'n landwye kompetisie in 1984 as die beste koerant aangewys is.

Mnr. Visser het aan die einde van 1999 die tuig neergelê. Daar is waardering vir sy nalatenskap as iemand met sy voete plat op die aarde, sy menslikheid en miskien bo alles – die ruimte wat hy vir sy personeellede geskep het om eie inisiatief en kreatiwiteit uit te leef. Hy het nog nie sy tennisraket gebêre nie, maar het intussen sy greep op die gholfstokke aansienlik verstewig! Ons gun hom en Connie `n rustige aftrede saam met sy kinders en kleinkinders.

Dit was `n voorreg om mnr. Visser as hoof te kon hê.

***Mnr. Flip Potgieter***
***(oudonderwyser en -adjunkhoof)***